



EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 137

Die Duiwel en sy Werksaamhede

Die duiwel was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan —

Johannes 8:44

DIE ONTSTAAN EN BESTAAN VAN DIE DUIWEL

Deur die geskiedenis heen was en is daar verskillende opvattinge oor die duivel. Vanaf die vroeë Christelike tyd is sy bestaan reeds byvoorbeeld deur die Sadduseërs ontken. Vandag nog word dit vry algemeen gestel dat daar nie so iets soos die satan, die owerste van die hel, is nie. So word die bestaan van God of die hemel of die hiernamaals natuurlik ook geloën.

Aan die ander kant word van net so vroeg af reeds die idee verkondig dat die duivels hulle oorsprong in hulself het — dat daar dus 'n mag naas God is wat ten minste aan Hom en sy Mag gelyk is. So vind ons vandag nog die sogenaamde duiwelaanbidders wat hom as hulle "god" aanvaar.

IS DAAR SO IETS?

Dit sou natuurlik baie gerieflik wees as ons kon sê dat die duivel nie bestaan nie, want dan is daar nie sonde nie, geen straf nie, ens. Ongelukkig is dit nie so maklik nie, want die Bybel stel dit bo alle twyfel dat daar 'n mag van die duisternis is en dat die duivel aan die hoof daarvan staan.

Op die heel eerste bladsye van die Bybel, in Genesis 3, word vertel hoe hy in die gedaante van 'n slang Eva verlei het om te eet van die verbode vrugte. Tot die laaste boek, dié van Openbaring, word dit duidelik en ondubbelsinnig gestel. Een voorbeeld in Openb. 20:2 is: 'En hy het die draak gegryp — die ou slang wat die duivel en die satan is —'.

Hy word ook die vader van die leuen genoem en hoe sien ons nie die leuen elke dag werk nie! Hy word genoem: die mensemoordenaar van die begin af; hoe word mense se lewens nie verwoes deurdat hy hulle verlei met dwelmmiddels, wellus, rykdom en wat nie nog alles nie!

Voorwaar, dit wat die Woord van God van hom sê, dit sien ons ook in hierdie wêreld en in ons eie lewe. Die duivel is 'n verskriklike werklikheid wat ons nie kan betwyfel of wegredeneer nie.

WAAR KOM HY DAN VANDAAN?

Soos aan die begin gesê, is ook hieroor verskil in standpunte. Die enigste betroubare bron wat ons hier kan gebruik, is die Bybel. Dan moet ons dadelik byvoeg dat die gegewens daarin ook baie min is.

Soos blyk uit Judas vers 6 was die duivel en sy genote oorspronklik engele "wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie, maar hulle eie woning verlaat het." Uit wat Jesus in Johannes 8:44 sê, blyk dit dat hy nie in die waarheid bly staan het nie.

Dit is dus duidelik dat God die engele geskape het om Hom te dien. Hulle staanplek, of hulle taak, was en is om hulle vrywillig en met volle oorgawe te wy aan Sy diens. Hulle verrig nie slawearbeid nie; hulle is verantwoordelike wesens wie se heerlike voorreg dit is om God groot te maak en Sy wil uit te voer.

Een van dié engele, wat 'n vername posisie onder sy mede-engele bekleed het, was nie tevrede hiermee nie. Hy wou self God wees. Hy kom toe in opstand en verlei ook ander engele daartoe. Die gevolg was dat hulle uit die hemel, uit die engelewêreld verban is. Van toe af is

dit die duiwel en sy meelopers se grootste begeerte en belangrikste werk om God van Sy troon te stoot — om Sy werk te vernietig, soos duidelik blyk uit die paradysgeskiedenis en deur die eeue heen tot vandag toe. Daar, in die paradys, het hy die gedagte by Eva geplant dat sy "soos God sal wees" — dit was en is nog steeds sy swak punt dat hy self God wil wees.

R. J. P. du Plessis

DIE LEUEN IS DIE DUIWEL SE WERKMETODE

DIE LEUEN VERLEI ENGELE

Satan het in die hemel verwaand geword. Hy het begin glo dat hy soos God kan wees.

In Judas vers 6 staan daar: "En die engele, wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie, maar hulle eie woning verlaat het, het God vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar."

God het die engele nie gemaak om "soos God" te wees nie. Toe Satan begin glo het dat hy soos God kan wees, het hy sy "eie beginsel" nie bewaar nie. Baie ander engele het saam met Satan hulle "eie woning" verlaat. Hulle het nie meer die Waarheid omtrent hulleself en hulle Skepper geglo nie, maar die groot Leuen.

Jesus het van Satan gesê: "Hy is 'n leuenaar en die vader daarvan." (Joh. 8:44). Satan se groot leuen is dat hy die mag besit en dat God dit nie van hom kan wegneem nie.

DIE LEUEN VERLEI DIE MENS

Satan het aan Eva gesê: "Julle sal soos God wees". Dit is sy werkmethode: hy verkondig die Leuen wat hy self in die hemel begin glo het.

Adam en Eva eet van die vrugte van die verbode boom. Daarmee gee hulle te kenne dat hulle die Leuen van Satan glo. Daardeur raak die hele menslike geslag in sy kiem bedorwe. Ons word almal gebore met die neiging om eerder die Leuen van Satan te glo as die Waarheid van God.

DIE LEUEN VERLEI CHRISTUS NIE

Satan probeer om ook Christus met sy Leuen tot 'n val te bring. Hy kom selfs met 'n verdraaide aanhaling uit die Bybel. Maar Christus glo die Leuen nie. Hy verkondig aan Satan die waarheid uit God se Woord.

Christus het verklaar: "Ek het die satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val." Christus het Satan ontmasker. Die kruis het sy leuenmag gebreek. Vir duisend jaar lank is Satan gebind. Hy sal "die nasies nie meer verlei nie." (Openb. 20:3). Van land tot land sal die evangelie versprei. Oral sal die Leuen ontmasker en die mag van Satan gebreek word!

DIE LEUEN VERLEI DIE WÊRELD

Oor die Antichris staan daar geskrywe: "Hy, wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige daade en tekens en wonders van die leuen." (2 Thess. 2:9).

Kort voor Christus se wederkoms sal die duiwel losgelaat word. God sal aan die wêreld die "krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word..." Die duiwel sal vir laas sy kragte inspan om die kerk met sy Leuen te verlei.

Dan sal die Antichris kom. Die Bybel noem hom "die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word... sodat hy in die tempel van God as God sal sit, en voorgee dat hy God

is". Laat ons gereed wees vir sy aanslag!

Daar is net een manier waarop ons die satan kan weerstaan: om sy leuen deur die krag van die Gees te ontmasker. Ons het in die Woord van God die volle waarheid aangaande God, onself en... die duiwel!

Neels Malan

KERKLIKE MEELEWING — JA OF NEE?

DRIE ARGUMENTE

Daar word deur baie mense 'n menigte redes vir hulle kerkloosheid of kerklosheid versin. Sommige is eerlik genoeg om reguit te sê dat hulle laksheid uit loutere onverskilligheid spruit en dat hulle wel van plan is om binnekort daadwerklik iets daaraan te doen. Andere gee egter ewe pront die verweer dat die kerk hulle nie kan salig maak nie, hulle het niks daarmee te doen nie en wil hulle onder geen omstandighede van kerklike meelewing hoor nie.

As u in een van hierdie twee groepe tuis voel, moet dan nie nou verder lees nie. Daarvoor is u tyd te kosbaar! Gaan liever dadelik na u binnekamer om u ernstig voor die God van hemel en aarde te verantwoord en te verootmoedig!

Miskien is u een van 'n derde klompie mense wat ek al dikwels ontmoet het — mense wat buite om die kerk lewe omdat hulle dink dat hulle te onheilig en te onregverdig is om die Here te dien.

Deesdae hoor 'n mens baie keer dergelike redenasies of argumente:

- Ek kan nooit genade by God vind nie.
- Ek is maar 'n arme sondaarmens.
- My sonde skrei hemelhoog.
- My skuld is onbetaalbaar.
- Kerklike meelewing? Nee!

DIE ANTWOORD

As hierdie standpunt u eerlike en opregte oortuiging is, spreek dit vanself dat daar dadelik iets aan gedoen moet word. Dit baat niks om op 'n ashoop van ellende u te verknies oor hierdie verstikkende sondebeseft wat u lewe verduister nie.

Is daar 'n oplossing?

Kyk, Jesus kom u ook hier tegemoet Hy maak hierin die waarheid aan u bekend en hy doen dit deur 'n gelykenis wat oor twee mense handel.

'N FARISEËR...

Hierdie man was een van daardie mense wat bestempel is as die uitnemendste kenners van die WET en die PROFETE. Die fariseërs het voorgegee dat hulle oor al die wysheid beskik het en daarom was net hulle bekwaam genoeg om die verskillende WETTE van die OU TESTAMENT uit te lê en te verklaar. Elke dag het hulle, soos ons dit sal noem, BYBELSTUDIE gedoen. Somtyds kon hulle maande lank debat voer oor die een of die ander WETSASPEK en dikwels het hulle die oorspronklike GEBOD uitgerafel tot 'n CHAOS van REËL op REËL.

In Lukas 18 stel Christus hierdie Fariseër aan u bekend.

Hy is inderdaad 'n imponerende godsdienstige figuur 'n Jood en 'n vurige patriot — streng opgevoed in die tradisies van sy volk. In die TEMPEL was hy waarskynlik een van die bekendste voorgangers.

Hy het ook gebed. Dit het hy gedoen met die tipiese gebedshouding van die Jode. Sy hande uitgestrek met die palms na bo. Só asof hy verwag dat GOD se genade hom moet toestroom. Sy gebed is vurig — sonder aarseling of huiwering — in pragtige taal en met mooi en gepaste woorde.

Stel hy as 't ware homself aan God bekend!

- **Ek dank u dat ek nie soos die ander mense is nie!**
- **Nie soos die rowers of die onregverdiges of die egbrekers nie!**
- **Nie soos hierdie tollenaar nie!**
- **Ek vas twee keer in die week!**
- **Ek gee tiendes van alles wat ek verkry!**

Wat beteken hy werklik? Nie volgens sy medesondaar se oordeel nie. Ook nie gemeet met sy eie maatstawwe nie. Wat is hy in die oë van die ewige Regter? Dit is die krisisvraag! Jesus het baie oor hierdie soort mense te sê gehad en dit wat Hy gesê het, het nie so mooi geklink nie. Daar was oor hulle uit sy mond geen goeie getuienis nie.

EN 'N TOLLENAAR...

Hierdie man was een van daardie mense wat op die oog af niks goeds gedoen en niks beteken het nie. Hierdie TOLLENAAR was tog die NUWE TESTAMENTIESE aanduiding van daardie SONDAAR wat deur almal verag en verwerp is. Hulle het immers hul lewens gemaak deur hulle in die diens van die gehate ROMEINSE KEISER te begewe. Dit was hulle taak om vir daardie HEIDENSE VORS die belasting onder hul volksgenote in te samel. Hierdie insameling het gewoonlik met die grootste bedrog en diefstal gepaard gegaan, WANT HULLE HET OP HIERDIE MANIER HULSELF VERRYK! Dit spreek dus eintlik vanself dat die JODE hierdie tollenaars met die grootste minagting bejeën het.

Nou kom só 'n sondaar die TEMPEL binne. Waarskynlik stil en ongemerk. Miskien was dit vir hom onbekende terrein. As GELDMAKER sou hy tog nie baie tyd vir godsdiens gehad het nie. Hy was mos 'n besige man — altyd besig met sy valsheid en oneerlikheid.

Nou kom hy, want hy wil ook bid. Sy gebed is pateties... verwese. Dit is in werklikheid 'n enkele noodkreet, want hy het NIKS waarop hy kan roem nie. Hy kan niks voor die aangesig van GOD bring nie. Pragtige woorde ontbreek hom. Hy kyk nie eens op na die hemel nie. Hy slaan op sy bors: **O GOD, WEES MY SONDAAR, GENADIG!**

REGVERDIG!

Van hierdie man word gesê dat hy regverdig huis toe gegaan het. Daarin lê die antwoord op u probleem. Moenie wegbly, omdat u te onheilig of te sondig is nie. Kom lewe saam — in die gemeenskap van die gelowiges. Ons is maar almal tollenaars, maar ons sal u verwelkom, omdat ons deelgenote van die genade van God in Christus is.

Kerklike meeleving? JA!

N. Vorster

SATANSKULTUS EN DUIWELSAANBIDDING

'n Mens hoor en lees baie van 'n nuwe kultus — die Satanskultus. In die afgelope jare het dit in Amerika ontwikkel en algaande ook na Europa versprei.

Dit is natuurlik nie die eerste keer wat die wêreld met hierdie skokkende praktyk te doen kry nie. In die geskiedenis het dit dikwels opgevlam — juis dan ook in tye waarin die mensdom 'n geestelike insinking beleef het. Ons kan sê dat die Satanskultus en aktiewe duiwelsaanbidding die produk is van die mens met 'n leë hart.

Die naam sê duidelik waaroor dit gaan: die aktiewe en direkte aanbidding van Satan. Tog staan nie die satan nie, maar die mens-self in die middel. Die Satan word aanbid om die mens te help om self goddelik te word. Die satan moet hom help om die wêreld om hom te bemeester. Hierin sien ons weer eens die ou-ou sonde: die mens wil langs God kom staan om self te heers.

'n Belangrike leuse van die Satanisme is: "Geseënd is die sterke, want hy sal die aarde beërwe". 'n Ander spreuk lui: "As iemand jou op die een wang slaan, slaan hom harder op die ander wang." Hierin sien ons die drang van die mens tot heerskappy.

Die Satanskultus is positief Antichristelik. Dit blyk veral daaruit dat in die kultus die Wet van God in gewysigde vorm gebruik word. Wat in die Wet verbied word, word in die kultus gebied en wat in die Wet gebied word, word in die kultus verbied. Waar die Christendom die kruis gebruik as simbool van die lyde, sterwe en opstanding van onse Here Jesus Christus, gebruik die kultus die Satan as simbool van die selfverheerliking van die mens. Satan word dan ook voorgestel deur 'n afbeelding van die kop van 'n bokram.

Die Satanskultus het 'n eie vorm van "erediens". Satan word in verskeie seremonies aanbid. In hierdie eredienste word verskillende simbole gebruik soos kopbene, kristalballe, swaarde en selfs slange. Hoewel daar 'n eie tipe kleredrag gebruik word, speel naaktheid ook 'n groot rol. Die gebruik van sterk verdowingsmiddels en stimuleermiddels is 'n faktor wat verder bydra tot die gees van die "erediens". Al hierdie dinge word gebruik om Satan aktief te dien.

Hoe staan die gelowige daarteenoor? Dit moet ons tot twee dinge motiveer: eerstens moet die kultus radikaal afgewys en beveg word in al sy aspekte. Dit is God-onterend en mensverheerlikend, tweedens moet die evangelie ook aan die mense verkondig word, want hulle leef in geestelike duisternis in 'n wêreld van godsdienstige leegheid. Aan hulle moet gesê word: Christus het reeds die Satan oorwin en daarom kan ons, as Christene, ook teen hom staande bly. Christus regeer en ons dien Hom as die Lewende Koning.

J. M. Vorster

DUIWELBESETENHEID EN DUIWELUITDRYING

Wie glo vandag nog dat daar 'n duiwel bestaan? Hoe is dit moontlik om in 'n eeu waarin die menslike tegnologie so ver gevorder het, nog te glo soos mense in die Middeleeue met hulle hekse?

Dit klink meer na 'n sprokie as iets wat hoort by ons ty, maar tog is dit waar. In Amerika en Europa is daar nie net honderde nie, maar honderdduisende mense wat die duiwel openlik dien. In Suid-Afrika word hierdie dinge nie so openlik gedoen nie, maar duiwelskuns neem stadig maar seker toe. Ons hoor van, bloedoffers en nog baie ander gruwelike dinge in hulle diens aan die duiwel.

BESTAAN DIE DUIWEL DAN?

Is die duiwel nie maar 'n mannetjie met horings en 'n gepunte stert wat in ons verbeelding bestaan — iets om ons kinders mee bang te maak nie? Nee, nie as ons kyk na die geweldige stroom van okkulte literatuur wat deesdae die wêreld ingestuur word nie

Veral sedert die Tweede Wêreldoorlog het belangstelling in die okkulte fenomeenaal toegeneem. 'n Moontlike verklaring hiervoor kan die volgende wees:

- Ná die oorlog het talle agtergeblewenes deur middel van okkulte waarsêers kontak probeer maak met hulle geliefdes wat nie teruggekeer het nie, om vas te stel of hulle nog lewe
- 'n Ander verklaring kan wees dat die mensdom so bang geword het vir sy samelewing — die verskriklike oorlog, werkloosheid, ens. — dat hy ontvlugting soek. Die kontrakultuur van die hippiekultus met sy dwelmverslawing het die mens reguit in die arms van die duiwel ingedryf. (Dit is opvallend dat die oplewing van belangstelling in die okkulte direk saamgeval het met die hippiekultus en latere Jesus-kultus.)

Selfs op kerklike gebied het geloof in God afgeneem, want "God is dood" is 'n godsdiensrigting wat kenmerkend was van die sestigerjare, en vandag word die versoeningswerk van Christus openlik bevraagteken in die Nederlandse Gereformeerde Kerken.

Primitiewe volke het nog altyd die mag van bo uit die hemel sien kom. Hoe eenvoudig die primitiewe mense ook al was, hulle het hulle afgode in die hemel gesien woon. Met die tegnologiese ontwikkeling van die mens, het hy begin glo dat daar nie meer 'n God in die hemel is nie. Hy, die mens, is sy eie god, want hy kan alles vermag. Die mag is toe gesien as komende uit die mens self — sy denke, sy verstand, sy kennis.

BOSE MAG VAN BENEDE

In die oorlog van die veertigerjare het die mens sy eie vernietigingskrag gesien — 'n platgeslane Europa en 'n verwoeste Hiroshima en Nagasaki — en hy het vir homself geskrik en besef dat al hierdie verskrikkinge, alhoewel dit deur sy selfgemaakte bomme en masjiene veroorsaak is, uit 'n ander oord moet kom. Daarom het die mens begin soek, en 'n mag van onder, van benede, gevind. Freud, die groot sielkundige, het dit gevind in die onderbewuste van die menslike gees. Die krag van onder het sy gestalte gevind in die bosmusiek met lawaaiende tromme en ghitare en skreeuende sangers, wat meer herinner aan 'n primitiewe Afrika; in die uiterste vorms van seksualiteit. Alles wat normaal en gewoon is, word as

vervelig, saai, oninteressant beskou, maar verkragting, buite-egtelijke seksualiteit, moord, aanranding, kortom alles wat herinner aan brute, primitiewe mag, word as die in-ding beskou. Die mag van benede — nie die establishment nie, maar die ondefinieerbare massa — dit het van die mens 'n onbeheerbare dier gemaak.

Ja, Satan bestaan wel nie in ons gedagtes as die mannetjie met sy bokhorings en sekelstert nie — so lyk hy ook maar taamlik onskuldig, maar hy bestaan in ons lewens as die bose mag wat van benede, vanuit die duister, sy invloed op ons lewens probeer afdruk. Die mens buig voor, en dien vandag, 'n mag wat van onder sy krag laat geld.

Bewustheid van duiwelbesetenheid het aanmerklik toegeneem. Ons kry dit in Engeland en Amerika.

IS DIT MOONTLIK OM VAN DIE DUIWEL BESETE TE WEES?

In die Bybel lees 'n mens natuurlik van talle besetenes wat deur Christus genees is, maar is dit vandag nog moontlik? Psigiaters het vandag soveel vordering op sielkundige gebied gemaak, dat 'n mens amper nie eens daaraan wil dink nie.

Ons moet duiwelbesetenheid nie net gaan soek by die uiterste gevalle waar mense skreeuend met skuimbolle om die mond op die grond rondkruip nie. Die vernietigingsmag wat die duiwel op ons samelewing uitoefen, is baie meer subtiel. Hy kan en het siektes veroorsaak en mense van hulle sinne beroof. Hy kan stuiptrekkings, beserings, doofheid en selfs die kromtrekking van jou ruggraat veroorsaak (Lukas 13:11, 16), maar dit wil nie sê dat dit al manier is waarop duiwelbesetenheid plaasvind nie.

Ons moet onthou dat die duiwel die owerste van baie demone is, die god van hierdie eeu (2 Korinthiërs 4:4 in sy Griekse vorm). Hy is baie magtig, veel sterker as ons mense, maar tog is hy gebonde, beperk in sy mag, omdat hy ingeperk is tot die aarde. Hy is nie alomteenwoordig, met alle mag tot sy beskikking nie. Hy is onderworpe aan God en 'n skepsel wat sy laaste, uiterste probeer om soveel as moontlik mense met hom mee te sleur.

Daarom gaan die Satan vandag baie meer subtiel te werk as in die dae van Christus. Hy probeer vandag die mensdom manipuleer om hóm eerder te volg, as om God te dien. Hy is in staat om die politiek-staatkundige wêreld te manipuleer (Openbaring 2:10), om die denke van mense te beïnvloed deur hulle bandeloos te laat optree. Hy is selfs besig om sy weg stilweg in die kerk te vind. (Mattheüs 24: 15).

TWEE SOORTE MENSE

In die Bybel word daar vir ons duidelik meegedeel dat daar net twee soorte mense is: Kinders van God en kinders van die duiwel (Mattheüs 13:28, 38; Johannes 1:12, 13; Mattheüs 23:15). Kinders van die duiwel is mense wat in ongehoorsaamheid lewe. Hulle dien die duiwel en sy demone (Openbaring 9:20) en volg die leer van die demone. (1 Timotheüs 4:1). Om sataniese predikers te volg (2 Korinthiërs 11:13—15), beteken in werklikheid om deel te hê aan die Sinagoge (kerk) van Satan. (Openbaring 2:9).

Om dus deel te hê aan enigiets wat God verbied, beteken dus dat jy die duiwel dien. In Deuteronomium 18:9—14 verbied die Here alle deelname aan waarsêery, goëlery, verklaring van voortekens en toordery, omdat dit diens aan die duiwel is.

Deur hierdie dinge te doen, gee jy 'n plek aan die duiwel in jou lewe. Kurt Koch, 'n Duitse kenner op hierdie gebied, haal talle voorbeelde aan van mense wat heel "onskuldig" hulle horoskoop laat lees het, of wat op een of ander manier die toekoms laat voorspel het deur handpalmlees, kaartspel, of wat ook al. Net deur dit te doen — miskien as vermaak in die begin — het hierdie mense, wat gelowiges was, later 'n onverklaarbare drang gevoel om te vlug as die Bybel gelees word, of om te skreeu as daar gebid word. So het die duiwel stilweg 'n plek in hulle lewens gekry en hulle só van God laat wegvlug.

Die ironie van die saak is, dat dit vir mense voorkom asof die sterre soms reg voorspel en of die kaarte hulle toekoms blootlê. Dink aan Saul wat as toevlug die heks van Endor ('n medium) gaan raadpleeg het en so van sy dood — wat werklik die volgende dag plaasgevind het — verneem het. Toe hy hierdie verbode heksemiens gaan raadpleeg het, het dit geen oplossing gebied nie. Die rigting van die lewe word bepaal deur jou gehoorsaamheid aan God en nie deur toordery nie. Die heks kon Samuel laat verskyn, maar kon Saul nie help en van sy gewisse dood red nie. Saul was in God se hande, wat hom wou straf oor sy ongehoorsaamheid waaroor hy nooit berou gehad het nie.

IS DAAR 'N PAD WEG VAN DIE DUIWEL?

Is daar 'n moontlikheid om jou lewensloop te verander as jy 'n kind van die duiwel is; duiwelbesete — noem dit wat jy wil? Ja, daar is. Daar is altyd 'n pad weg van die duiwel met al sy baie demone. Dit is om 'n kind van God te word.

Nou weet ons dat dit geen maklike weg is om kind van God te word nie, want om kind van God te word, beteken om jou ore toe te stop vir die stem van verleiding van die duiwel. Dit beteken om eerlik te wees met jouself en te erken dat jy verlore is. Dit beteken dat jy moet erken dat jy self nie uit die kloue van Satan kan ontsnap nie.

Al hierdie dinge wil ons nie altyd so geredelik erken nie, want is jy nie 'n selfgenoegsame, trotse mens wat andersins so baie vermag nie? Is die lekker dinge van die lewe nie juis alles wat God verbied nie? Ja, dit is alles dinge wat die duiwel jou wysmaak, want solank hy met jou alleen te doen het, het hy niks te vrees nie. Jy is dan hulpeloos in sy hande, maar as jy God aanroep en jou hulpelose, verlore toestand daardeur erken en Hy stuur sy Gees in jou hart, dan moet die duiwel vlug.

God is die enigste, deur sy Seun Christus, wat die Satan in kettings kon slaan; die enigste vir wie die Satan vrees. Net God en God alleen, kan uit genade jou van die duiwel, van jou sondige ongehoorsaamheid, verlos. Net God kan jou verander van kind van die duiwel tot kind van God.

Ons het geen rites en seremonies, geen spesiale formules nodig om die duiwel met sy demone te verdryf nie, omdat ons dit nie kan doen nie. God alleen kan dit doen en daarom kan ons alleen tot God bid, vurig bid, met berou en met erkenning van ons sondes en Hom smee om ons te verlos

Ds. E. F. J. Snyman

Psalm 91:11, 12 — *want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al*

jou weë. Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie.

Matteus 4:6, 7 — Die duiwel sê vir Jesus: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra...

Jesus sê vir hom:

Daar is ook geskrywe:

Jy mag die Here jou God nie versoek nie.